FEEDTEK

# Ooibestuur – 'n Kykie in 'n voedingkundige se kop!

**Deur Sjoerd Ten Cate (Pr.Sci.Nat, Feedtek)**

Dit is algemeen bekend dat voeding 'n groot rol speel in die suksesvolle bestuur van 'n skaapkudde. Boere moet egter honderd-en-tien dinge in gedagte hou om al die balle in die lug te hou. Maar kom ons kyk 'n bietjie wat die moontlike gedagtes is wat deur 'n voedingkundige – wat uiteraard meer gefokus is op voeding alleen – se kop kan gaan as die persoon by 'n trop ooie en lammers verbyry.

Daar word altyd eerste gekyk na die kondisie van die ooie en lammers, maar terselfdertyd ook na die verhouding van ooigetalle teenoor lammergetalle. Indien daar meer lammers as ooie is en almal is in goeie kondisie, wil 'n mens graag met die boer gaan sit en gesels oor wat die betrokke bestuur behels – daar is altyd iets te leer by mense wat dinge korrek doen.

Sou die diere egter onder-kondisie wees, begin die ratte draai!

- Het die plaas genoeg ruvoer? Skape is herkouers wat geskape is om ruvoer as basis te gebruik om hulle voedingsbehoeftes te bevredig. Sonder genoeg ruvoer van 'n aanvaarbare gehalte is 'n skaapboerdery gedoem.
- Is die getal ooie te veel vir die plaas? Te veel diere veroorsaak 'n ruvoertekort.
- Ontvang die ooie die nodige aanvullings om te vergoed vir die voedingstekorte in ruvoer, en om hulle te help om al die voedingswaarde uit ruvoer te ontsluit?

Indien die lammergetalle laag is teenoor die ooigetalle, wonder 'n mens oor die volgende:

- Hoe goed was die ooie se voeding in die tydperk ses tot vyf maande voor paring? In hierdie tyd begin die eiselle wat bevrug moet word, ontwikkel tot volwasse eiselle.
- Is daar koggelramme gebruik?
- Is daar prikkelvoeding verskaf?
- Is daar laparoskopie gedoen en is dit reg bestuur?
- Hoe goed was die ramvoeding? Ramme word baie afgeskeep, veral wat betref die hoeveelheid en gehalte deurvloeiproteïen wat hulle inneem. Deurvloeiproteïen het 'n baie sterk effek op die volume en gehalte van sperme wat geproduseer word.
- Wat is die mineraal- en vitamienstatus van die ooie en ramme? Hierdie aspek kan alles wat met vrugbaarheid verband hou, deurmekaar gooi, al is diere se kondisie goed.
- Het die ooie die korrekte voeding ontvang in die maand voordat hulle gelam het? Taai biesmelk as gevolg van 'n tekort aan deurvloeiproteïen kan heelwat lamvrektes tot gevolg hê.
- Is ooie op peulgewasse, en dan veral klawers, gepaar? Verbindings in hierdie gewasse kan ooie se geslagshormone baie deurmekaargooi, met gevolglike swak konsepsie.
- Het ooie op peulgewasse gelam? Peulgewasse is geneig om melkkoors te veroorsaak. Die eerste tekens hiervan is dat ooie sukkel om die tweede of derde lam uit te druk. Dit is die direkte oorsaak van bloedkalsium wat baie laag is weens subkliniese melkkoors, en aangesien kalsium kritiek noodsaaklik is vir spiersametrekking, het die ooi nie die krag om meerling-lammers uit te druk nie.

Lammers in swak kondisie laat wonder 'n mens oor die volgende:

- Wat veroorsaak lae melkproduksie by die ooie? Die meeste voedingwaarde, veral vir jong lammers, kom van melk af.
- Ontvang die ooie byvoeding? Lakterende ooie werk baie hard om melk te produseer. Veral indien daar meerlinge betrokke is, verskaf weiding tipies nie genoeg voedingstowwe om melkproduksie te handhaaf nie.
- Is daar kruipvoeding vir lammers beskikbaar? Jong lammers benut kruipvoer so effektief dat dit een van die beste beleggings is wat 'n skaapboer kan maak.

Hopelik bied hierdie gedagtes 'n lekker kompakte aftiklysie aan produsente om in die agterkop te hou tydens die daaglikse gejaag om alles op die plaas gedoen te kry.

Besoek **www.feedtek.co.za** vir meer inligting.

